VAN ONS SUSTERS

SUSTERSBESTUUR:

Voorsitster: Alta Pretorius	**Onder-voorsitster**: Marli Nortjé
Sekretaresse: Anita Stavast	**Hulp-sekretaresse**: Ina Roos
Tesourier: Wymie du Plessis	**Koekiebakprojek**: Ina Roos
Funksies: Ineke Bakker, Marli Nortjé, Salomé Kruger, Anita Stavast, Magda Pelser – van der Merwe	**Begrafnisse en foto's**: Wymie du Plessis
Verjaardae: Alta Pretorius, Wymie du Plessis	**Kombuis**: Elsa Reinecke, Yolandi van Dyk, Alta Pretorius
Bejaardesorg: Wymie du Plessis, Salomé Kruger	**Jeugsorg**: Yolandi van Dyk, Brechtjé Jooste, Marli Nortjé

Baie sterkte aan elkeen met julle groot taak. Ons maak staat op al die susters se samewerking en ondersteuning.

Die nuwe lys van wyksusters sal bekend gemaak word nadat die nuwe wyksindeling gedoen is.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 4. Sondag 2 Februarie 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 5 **Nelis Coetsee** en Wyk 6 **Flip Mostert**
Diakens: Wyk 5 **Geert Stoop** en Wyk 6 **vakant**
Skinkbeurt: Wyke 7 en 8. Wyksusters Marli Nortjé en Marié Badenhorst

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: Levitikus 26
Vooraf sang: Psalm 146: 8
Sang tydens erediens: Psalm 89: 1, 2; Psalm 25: 3, 7; Psalm 74: 15, 16; Psalm 103:6, 9
Sang met meelewing: Psalm 121: 3, 4.

AAND: Woordbediening: Matteus 20:1-6.
Fokusverse: Matteus 20:13, 15.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 18.
TEMA: ***God se regverdigheid, vrymag en goedheid dring ons tot gelowige oorgawe en lofprysing; nie tot sugte en twis nie.***
Sing: Skrifberyming 2-5: 1, 2, 3 (35); Psalm 33: 1, 3, 9, 11; Psalm 50: 1, 2, 3, 11 (tweede melodie); Psalm 115: 1, 2, 6; Psalm 131: 1, 2, 3 (melodie Psalm 134; na die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **Kerklike Tydskrifte**
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir die ***Dankbaarheidsfonds***

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Anita Stavast sterk nog tuis aan ná haar voetoperasie. Sy het Donderdag 'n opvolgbesoek by die ortopediese chirurg gebring.

Tillie Eloff het 'n geslaagde knievervanging in Medikliniek ondergaan en Loffie sal op 12 Februarie 'n groot prosedure ondergaan.

Fanie Jooste het Dinsdag 'n geslaagde operasie in die Kloof Hospitaal ondergaan.

Danie Stoop het Woensdag 'n geslaagde prosedure ondergaan.

Johanna van der Merwe ondergaan op 3 Februarie 'n knievervangingsoperasie.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in Februarie 2025 hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	03/02	**Danie Erasmus,**. Wyk 12
Di	04/02	**Gerrit Badenhorst,**. Wyk 9
		Pieter Hugo (82),. Wyk 8
Wo	05/02	**Harm Stavast,**. Wyk 1

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	02/02	08:30	Hoërskoolkatkisasie	Bo vertrek
		10:50	Laerskoolkatkisasie	Bo vertrek
		19/00	Diakonievegadering	Konsistorie
Di	04/02	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	05/02	10:00	**WOEKERWOENSDAG: RIBBRAAI**	Saal/kerk-terrein
		18:00	Bybelstudie (Markus – Studie 6)	Konsistorie
So	02/02	19:00	Diakonie vergadering	Konsistorie
So	09/02	09:30	**VOORBEREIDINGSDIENS**	
		19:00	Kerkraad-en Diakonievergadering	Kerkgebou
			Kerkraad (verslagvergadering)	Kerkgebou
So	16/02	09:30	**NAGMAAL en gemeente-ete**	

KATKISASIE	Sondag 2 Februarie	Sondag 9 Februarie
Hoërskoolkatkisasie	Les 2	Les 3
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 2(die Bybel dl 2) Psalm 38: 1, 17 Sondag 2 Onse Vader, 1st bede	Les 3 Psalm38: 1, 17 Sondag 3 Onse Vader, 2de bede

BYBELSTUDIES

Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie (ons vertoef 'n wyle langer by Studie 6 van die Markusevangelie en bestudeer in diepte die Profetiese Rede uit Markus 13).

Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom.

ATTESTATE

Attestate ontvang: Vanaf Potch-Suid: **Jan en Petro Kroeze** en hulle dogter, **Jandri Kroeze**. Hulle woon in Sanitas 4 en is ingedeel in huidige wyk 6 (nuwe wyk 4) by ouderling Flip Mostert en diakens (huidig vakant) by nuwe indeling Rudy van der Spoel/Geert Stoop/Banie Nortjé. Wyksuster is Ineke Bakker.

Baie welkom in ons gemeente.

FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Baie dankie vir die bestellings wat u deurgegee het. Ons beplan om **Woensdag 5 Februarie** vanaf 10:00 die oggend by die kerksaal die vleis te braai en daarna die burgers te bou. Lidmate wat wil betrokke raak en bydraes maak, kan op die volgende wyse help:

- Braaiers is altyd welkom.
- Hande om te help burgers bou, verpak en die korrekte bestelling op te maak.
- Skenkings van vleis (patties), margarien, blaarslaai, tamaties en brikette word verwelkom (kontak ds. Jannes of Yolandé om uit te vind hoeveel word benodig). Gebraaide en gegeurde uie word voorsien.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

Huis Eikelaan

DIE EIKELAAN LIEFDADIGHEIDSBEHUISINGSTRUST

Versorgingsprojek vir bejaardes onder voogdyskap van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom Fondsinsamelingsnommer: 002-075 NPO

Raad van trustees: N J Spaumer (Voorsitter), P J van der Walt (Ondervoorsitter), mevv E van der Walt, G Claassen, mnre M W J de Jager, L P van der Walt, J C Jansen van Ryssen, G J Pienaar
Bestuurder: Mnr FJ du Preez TELEFOON: (018) 293-0117/8 PETER MOKABALAAN 73 POSBUS 509 POTCHEFSTROOM 2520 FAKS : (018) 297-8014 E-POS: huiseikelaan@gmail.com webtuiste: www.huiseikelaan.co.za

Huis Eikelaan het vakatures beskikbaar:

Vakature: Verpleegkundige - Versorgingseenheid

Posopsomming:

Huis Eikelaan is op soek na 'n ervare en deernisvolle Verpleegkundige. Die ideale kandidaat sal verantwoordelikheid neem vir die lewering van hoë gehalte wetenskaplik gefundeerde verpleegsorg, wat die gesondheid, veiligheid en gemak van ons inwoners verseker. Hierdie rol behels ondermeer algemene verpleegkundige dienste, toesig oor personeel, die bestuur van skofte, skakeling met mediese dokters en die handhawing van effektiewe kommunikasie met inwoners se families.

Vakature: Huismoeder - Versorgingseenheid

Posopsomming

Huis Eikelaan is op soek na 'n toegewyde individu om by ons Versorgingseenheid aan te sluit as huismoeder. Die ideale kandidaat sal verseker dat die Versorgingseenheid skoon, georganiseerd en goed onderhou is, terwyl dit ook die welstand en gemak van ons inwoners in 'n huislike omgewing verseker.

Hoe om aansoek te doen:

Belangstellende kandidate word uitgenooi om die aansoekvorm aan te vra per epos by huiseikelaan@gmail.com en dit saam met 'n dekbrief, CV, en afskrifte van ID en kwalifikasies en minstens drie referente se besonderhede in te handig teen nie later nie as Woensdag 5 Februarie 2025 om 16:00 per epos by huiseikelaan@gmail.com. Telefoniese navrae: Bestuurder Tel:018-293 0117/8.

KARWAGTE
Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwag(te) (Jafta).
Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).